Pellissier
Omgeegroepe / Huis

"Gebed wat lewens verander"

11/08/2019 – **Brood-nodig**

Matteus 6:11 – "....Gee ons vandag ons daaglikse brood;"

Bybel Tyd: **So:** Matt. 6:11 **Ma:** Matt 6:25-34 **Di**: Luk 11:3 **Wo:** Deut 8:3 **Do:** Spr 14:23 **Vr:** 1 Kor 10:16 **Sa:** Matt 26:26-29

Bid Tyd:

Aanbid (Sang en Gebed) – Doen saam lof en aanbidding

Dankgebed (gebed voor ete): Here gee ons vandag ons daaglikse brood..

Seëngebed (seen mekaar elke oggend so): Christus is die brood wat lewe gee…

Gesels Tyd:  **Teks: Matt 6:25-34**

Oopskop vraag: Gee elkeen in die groep/huis 'n geleentheid om hulle grootste vreugde of hartseer van die afgelope week/dag te deel.

Raakvat vrae: Kyk DVD – Brood-nodig

1. Wat tref jou as jy die gedeelte lees?

2. Wat maak jou angstig as jy aan die toekoms dink?

3. Beteken die gedeelte en Matt. 6:11 dat ons nie vir die toekoms voorsiening mag maak nie? Hoekom dink jy soos jy dink?

4. Gesels oor wat ons daaglikse behoeftes is**.** Waarvoor moet ons, ons in die koninkryk van God beywer? Anders gestel: wat moet vandag vir ons belangrik wees?

5. Wat van persoonlike behoeftes? Mag ons dit vir die Vader vra en hoekom/hoekom nie?

Speel Tyd: (Ons spandeer kwaliteit tyd saam)

1. Trek 'n kaartjie uit die gasvryheidskaarte (kontak die kantoor as jy belangstel in die kaarte)
2. Hang 'n broodsakkie iewers in jul huis op. Elke keer as jy dit sien onthou dat God vir jou sal voorsien..

Doen Tyd: (Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier)

1. Na wie toe reik ons hierdie week uit? 2. Gesels oor julle uitreikprojek.